Domefees
Kaskar-resies

Aangebied deur: Parys Primere Ouerkomitee
in samewerking met Parys Ontwikkelingsforum

Liewe ouers en kinders,

Ons beoog om op Saterdag 29 Oktober 2016, 'n **kaskar-resies** vir alle Gr. 1-6 leerders te hou.

- Gr. 1-3: vanaf 08:00 tot 09:30
- Gr. 4-6: vanaf 09:45 tot 11:30

Inskrywingsgeld (sluit toegang by die Dome fees hek in) beloop R70 per deelnemer (9 deelnemers van enige geslag per span @ R70 = R630 per span) en kan voor of op Vrydag 21 Oktober 2016 inbetaal word!
(Inskrywingsvorms is by die skool se kantoor beskikbaar!)

Onthou: Daar is slegs plek vir 20 spanne by Gr. 1-3 en 24 spanne by Gr. 4-6, om aan die resies deel te neem...! (*First come first serve!*)

Ons is ook nog op soek na **borge en pryse** vir die resies. Indien u graag pryse wil borg (9 items asb. omrede daar 9 deelnemers in 'n span is) of kontantbydrae (hoe gering ook al) wil maak, kan u gerus met Christine of Anneline in verbinding tree asb.!

Alle ingeskryfde spanne sal op Maandag 24 Oktober 2016 'n brief ontvang met alle algemene inligting en finale reëlings!

Vir enige verdere **navrae**, is u welkom om **Christine (082 561 4469) of Anneline (082 770 0685)** te kontak!

Vriendelike SPOED groete,

Die Kaskar-komitee!

Algemene inligting:

- Die wedrenne sal plaasvind by die Dome.
- Alle spanne moet reeds 15 minute voor die aanvang van die resies by die bane aanmeld.
- Alle kaskarre, sowel as die bane sal voorsien word.
- Die span wat die vinnigste hul rondtes voltooi, is die wenner.
- Die wenspan se lede sal elkeen ’n prys ontvang.
- Daar sal ook pryse wees vir die spanne met die beste spangees sowel as die beste geklede spanne.
- Alle reëls en regulasies sal beskikbaar wees.